

Hoofstuk van die dag: Esegiël 48

> *Die omtrek van die stad moet nege kilometer wees, en sy naam moet van vandag af wees: Die Here is daar. (Eseg 48:35)*

’n Deurlopende tema in die boek Esegiël is Jerusalem, met al die afskuwelike sonde en afgodsdiens wat daarbinne gepleeg is,

tot selfs in die tempel. Daarom staan die feit dat die stad en tempel verwoes is, helder in ’n mens se gedagtes.
Interessant dat die stad wat Esegiël visualiseer, nêrens “Jerusalem” genoem word nie. Dit is ’n nuwe stad, gereinig van alles waaroor God gewalg het. Die stad het twaalf poorte waardeur die ganse Israel vrye toegang het na die heiligdom en na die teenwoordigheid van die Here. Daar breek immers ’n nuwe tydvak aan; ’n nuwe verhouding met die Here, waar Hy op ’n nuwe manier teenwoordig is by sy kinders.
Die stad se naam is veelseggend: “Die Here is daar.” Hy is nie net teenwoordig nie, maar ook Borg van die stad en die hele volk. Later sou Johannes dit oor die Seun sê: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon” (Joh 1:14). En Matteus vertel dat Jesus “Immanuel” genoem word: God by ons (Matt 1:23). So belowe Jesus ook by sy hemelvaart: Hy is by ons (Matt 28:20).
Dis die evangelie!

Naskrif: Môre begin ons (DV) lees aan die Brief aan die Kolossense.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026